education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2008

AFRIKAANS TWEEDE TAAL V1

HOËR GRAAD

MEI/JUNIE 2008

MEMORANDUM

PUNTE: 80

Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEESBEGRIP

- Geen penalisering vir **spel- en taalfoute nie**. Toets INSIG, nie TAAL nie.
- Geen penalisering waar antwoorde nie in volsinne geskryf is nie.
- Geen woord in 'n ander taal word as antwoord aanvaar nie. Indien dié woord(e) egter toegedruk word en dit beïnvloed nie die betekenis nie, word die antwoord as korrek aanvaar. Andersins sal 'n **E / X / S** boaan die woord die fout aandui en dus die rede waarom die punt nie toegeken is nie, aandui.
- Waar die antwoord in meer as een sin aangebied word, maar tog tot die antwoord lei, is dit korrek.
- Indien twee of meer feite vereis word, word slegs die eerste twee of meer feite in volgorde nagesien.
- Spesifieke opdragte, bv. **EEN WOORD / OPEENVOLGENDE WOORDE / 'N SINSDEEL / EEN SIN** moet uitgevoer word. Die kandidaat mag een woord in 'n sin aanbied:
  Die een woord is …
  Die woord wat vir ons sê, is …
  (Die woord wat die kandidaat aanbied, moet "uitgelig" word.)
- Plaas die lidwoord, **'n** en **die**, tussen hakies indien dit in kombinasie met **EEN WOORD** as 'n antwoord gebruik word en aanvaar dit as korrek.
- Geen penalisering indien aanhalingstekens ontbreek nie.
- Geen penalisering indien die antwoord 'n direkte aanhaling is nie.
- Waar (Ja) / Onwaar (Nee) vrae:
  eerste deel korrek en motivering verkeerd / motivering ontbreek (1)
  eerste deel verkeerd en motivering korrek (0)
  eerste deel ontbreek en motivering korrek (0)

VRAAG 1: ARTIKEL

1.1 baie Suid-Afrikaners / hulle **koop** (weekliks) ***Huisgenoot*** (1)

1.2
- Hulle gee vir die lesers presies wat hulle wil hê.
- Hulle verpak die tydskrif netjies en kleurvol. (2)

1.3.1 skindernuus (1)
1.3.2 inligting (1)

1.4 D / net so belangrik soos die basiese dinge is (1)

1.5.1 kinders (1)

1.5.2 tieners (1)

1.5.3 huisvrouens / mans (1)

1.5.4 huisvrouens (1)

1.5.5 mans (1)

1.6 die lig gesien / lig gesien het (DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE) (1)

1.7
- In 1916 het dit **maandeliks** verskyn. (1)
- In 1916 was dit in **Hollands.** (1) (2)

1.8.1 Nee / Onwaar / Verkeerd / Nie (1)

1.8.2 dit was 'n **lettterkundige** tydskrif. (1)

1.9 *Huisgenoot* bied hulp met skooltake aan. (1)

1.10.1 ja / waar / reg (1)

1.10.2 jonger, Engelse "sussies" (1)

1.11 omtrent 2 miljoen lesers per week / word verreweg die meeste verkoop / van Julie tot Desember 2005 is daar 8,854,000 kopieë verkoop / beslaan 38% van die mark saam met sy Engelse sussies (OF SOORTGELYK) (1)
[20]

VRAAG 2: RESENSIE

2.1 hulle word as soldate ingespan / gebruik (1)

2.2 die Suid-Afrikaanse aksent / om soos 'n Suid-Afrikaner te praat (1)

2.3 Arnold Vosloo (1)

2.4 hy was 'n huursoldaat (1)

2.5.1 Onwaar / Nee / Verkeerd (1)

2.5.2 baie van die akteurs / Leonardo DiCaprio (of) Dijmon Hounsou (of) Jennifer Connolly is nie van ons land nie / drie van die akteurs is nie van ons land nie / baie van hulle, nie almal nie (OF SOORTGELYK) (1)

2.6 wapens (1)

2.7 hy gaan hom (Solomon) help om sy gesin te soek (1)

2.8 dit verwys na die moord en doodslag wat rondom diamante plaasvind / baie mense sterf tydens diamantsmokkelary (OF SOORTGELYK) (1)
[9]

VRAAG 3

ADVERTENSIE

3.1	Hannes Muller	(1)
3.2.1	Onwaar	(1)
3.2.2	dis 'n **komedie**	(1)
3.3	dit is goedkoper / jy sal dit teen ’n afslagprys kan sien / jy kry afslag	(1)
3.4	TV / televisie	(1)
3.5	Engels	(1)
		[6]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 4: OPSOMMING VAN TEKS

RIGLYNE VIR NASIEN VAN OPSOMMING

Die opsomming word **TWEE** keer gelees:

- vir feite en taalfoute.
- direkte aanhalings en onvolledige sinne.

FEITE

- Sien eerste sewe sinne inhoudelik na.
- Regmerkie bokant elke hoofgedagte.
- Slegs een hoofgedagte per sin word nagesien.
- Indien **geen hoofgedagte** inhoudelik reg is nie, kry die kandidaat **nul vir sowel getal woorde as vir taal.**

FEITE (F) [7]

Feite korrek	Maksimum Taalpunt(e)
Geen feite korrek nie	Maksimum taalpunt: 0
Een tot drie feite korrek	Maksimum taalpunt: 1
Vier en meer feite korrek	Maksimum taalpunte: 2
✓ Leesteken- en spelfoute word nie gepenaliseer nie. Moet dus nie aandui nie. ✓ Taalfoute word net in korrekte feite gepenaliseer. ✓ KANDIDATE WORD NET EEN KEER VIR ELKE SOORT FOUT GEPENALISEER.	

TAAL (T) [2]

Taalfoute	Penaliseer van totaal
Een tot drie taalfoute	-1
Meer as drie taalfoute	-2

TIPIESE TAALFOUTE

- Woordorde in enkelvoudige sin
- Tyd, Wyse, Plek
- Dubbelnegatief
- Omgekeerde woordorde
- Lydende vorm
- Direkte vertaling (moedertaalinvloed)
- Voornaamwoorde
- Woordorde in saamgestelde sinne (Voegwoord 1, 2 en 3)
- Infinitief

DIREKTE AANHALING (A)

Direkte aanhalings/nie eie sinne nie	Penaliseer van totaal
Een tot drie direkte aanhalings	-2
Vier en meer direkte aanhalings	-3 NUL VIR TAAL

WANNEER IS DIT NIE MEER 'N AANHALING NIE?

- As een woord verskil / uitgelaat / bygevoeg word
- As die woordorde omgeruil word.
- As twee aanhalings in 'n nuwe sin gekombineer word
- As 'n sin net verkort word

NIE VOLSINNE NIE (V)

Nie sinne nie	Penaliseer van totaal
Een tot drie hoofgedagtes nie in sinne nie	-2
Vier en meer hoofgedagtes nie in sinne nie	-3

NEERSKRYF VAN PUNTE	KODE	PUNT	
Getal feite korrek	F	7	Maks = 7
Taal	T	2	Maks = 2
Woorde nie aangedui nie / lengte nie oorskry nie	W	1	Maks = 1
SUBTOTAAL		10	
Direkte aanhalings	A	-3	Maks = - 3
Nie volsinne nie	V	-3	Maks = - 3
TOTAAL (minus A of V)	10-6	4	

VOORBEELD

1. Jy moet positiev wees	√	
2. Suksesvolle posisie	x	
3. **Wie nie waag nie, sal nie wen nie**	√	A
4. **Vind of jy het selfdissipline**	√	V
5. **Oefen van jongs af om jou bes te doen**.	√	A
6. **Maak** besluite en hou **by dit**	√	TT
7. Moenie die woord 'probleem' in jou woordeskat toelaat nie **Getal woorde is 43 / [43]**	√	

	KODE	PUNT
Getal feite korrek	F	6
Taal	T	1
Woorde nie aangedui nie / oorskry	W	1
SUBTOTAAL		8
Direkte aanhalings	A	-2
Nie volsinne nie	V	-2
TOTAAL (minus A of V)	8-4	4

TOTAAL AFDELING B: [10]

STAPPE OM SUKSES IN DIE LEWE TE BEHAAL

- Die moontlike verwerkings moet só geformuleer word dat dit wys **wat 'n mens moet doen om suksesvol in die lewe te wees**.
- Die klem val hier op die **donkergedrukte hoofgedagtes** en NIE op die moontlike verwerking van die teks NIE.
- Enige **SEWE** van die volgende **AGT** hoofgedagtes.

	Direkte aanhalings uit teks	**Moontlike verwerking**
1	Seker die belangrikste aspek van sukses is positiwiteit. As jy net die swaar kant van die lewe raaksien, het jy geen kans om sukses te behaal nie. Daar is genoeg negatiewe mense om ons. Jy moenie een van hulle wees nie.	Jy moet **positief** wees.
2	Probeer om jouself in 'n suksesvolle posisie te sien. Of jy nou die Bokspan of Bafana Bafana op die veld wil lei, of 'n tweede Mark Shuttleworth wil wees, is nie belangrik nie. Wat belangrik is, is dat jy jouself daarbo moet 'sien'.	Sien jouself in 'n **suksesvolle posisie**
3	Die spreekwoord sê: "Wie nie waag nie, sal nie wen nie!". As jy maar net altyd in jou veilige kokon wil wegkruip, moet jy nie verwag om suksesvol te wees nie.	Jy moet **waag** om te wen
4	Het jy selfdissipline? As jy dit nie kan regkry om jouself te dwing om te sit en werk nie, gaan jy lank sukkel om sukses te behaal.	Kweek **selfdissipline**
5	Daar gaan wel teleurstellings op jou pad wees. 'n Mens maak foute as jy verkeerde keuses gemaak het. Leer uit jou foute en moenie aanmekaar dieselfde goed verkeerd doen nie.	Jy moet **uit jou foute leer** / aanvaar teleurstellings
6	Oefen van jongs af om jou bes te doen. As jy dit kan regkry om selfs die kleinste takie goed te doen, het jy reeds die eerste tree op die suksespad gegee.	**Probeer** altyd **jou bes**
7	Wat het geword van jou Nuwejaarsvoor-nemens? Kan jy onthou dat jy aan die begin van die jaar beplan het om sekere dinge reg te kry? Suksesvolle mense neem besluite en hou daarby, al is dit soms moeilik om die planne deur te voer.	**Hou by** die **besluite** wat jy neem
8	Moenie eers die woord 'probleem' in jou woordeskat toelaat nie. Vervang dit eerder met 'geleentheid'. Verander jou probleme in iets positiefs!	Verban die woord '**probleem'** uit jou woordeskat / Sien probleme as geleenthede

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK

VRAAG 5: WOORDGEBRUIK EN WOORDSTRUKTURE

- Waar spelling mag varieer, mag die woord wat aangebied word, nie ’n ander betekenis in Afrikaans hê nie.
- As die totaal ’n halfpunt insluit, rond HIER af tot die volgende heelgetal wanneer die punt oorgedra word na die buiteblad.
- Indien die woorde wat aangebied word, met hoofletters begin, is dit korrek.
- Waar keuses aangebied word, word verwag dat die kandidaat die antwoord korrek oorskryf.

5.1	gelukkig	spelling mag afwyk	antoniem
5.2	tannies / tantes	spelling mag afwyk	geslag
5.3	van hulle wange afrol	spelling	keuse: korrekte idioom met twee voorsetsels in ’n vaste verbinding
5.4	blommemeisies	spelling	samestelling
5.5	by	spelling	woordkeuse: voorsetsel
5.6	aandagtig	spelling	bw. (afleiding)
5.7	dr.	spelling	afkorting
5.8	gaste	spelling	s.nw. meervoud
5.9	afgeskakel	spelling	verlede tyd van hoofwerkwoord
5.10	ongelooflik	spelling	bw. verwarrende woordgroepe
5.11	kliphard	spelling	bw. intensiewe vorm
5.12	wat	spelling	woordkeuse: betreklike vnw.
5.13	geskok	spelling	woordkeuse: verwarrende woordgroepe
5.14	glo	spelling	woordkeuse: verwarrende woordgroepe
5.15	wittebrood / witebrood / wettebrood /	spelling mag afwyk	woordeskat
5.16	wydgerekte	spelling	swak verlede deelwoord as attr. bnw.
5.17	verre	spelling	idiomatiese uitdrukking
5.18	met wie	spelling	woordkeuse: betreklike vnw.
5.19	kêrel	spelling	skryfteken: kappie op eerste e
5.20	ken	spelling	woordkeuse: verwarrende woordgroepe
5.21	langer	spelling	bnw. vergrotende trap
5.22	liewer	spelling	bnw. vergrotende trap
5.23	aantreklikste	spelling	bnw. oortreffende trap
5.24	goeie	spelling	bnw. attributief

[24÷2] [12]

VRAAG 6: SINSTRUKTURE

- **Spel- en punktuasiefoute** word nie gepenaliseer nie.
- Alhoewel die **donkergedrukte gedeeltes** op die taalitem en dit wat geassesseer word dui, moet die sin / sinsdeel volledig wees om die punt(e) te verdien.
- Nasieners moet dus **die hele antwoord deurlees.**

Vraag	Antwoord	Taalaspekte	Punt
6.1.	Vakansiegangers jaag elke vakansie teen hoë snelhede na hul vakansiebestemmings toe (1)	bywoordelike bepaling van tyd, wyse en plek - in korrekte volgorde	(1)
6.2.1	Pa **behoort** stadiger **te ry** (1)	infinitief met **behoor**t **… te** + ww	(1)
6.2.2	Sommige pa's hou daarvan **om** vinnige motors **te bestuur** (1)	infinitief met **om** … **te** + ww Nul indien om weggelaat is of o	(1)
6.2.3	Verlede jaar **het** tweehonderd mense **gesterf** (1)	verlede tyd met **het** in die tweede plek en **gesterf** aan die einde van die sin	(1)
6.2.4	Volgende jaar **sal** die padsterftes hopelik **afneem** (1) OF Volgende jaar **gaan** die padsterftes hopelik **afneem** (1)	toekomende tyd met **sal** in tweede plek en **afneem** aan die einde van die sin	(1)
6.2.5	Nee, ek het **nog nie** (1) in 'n vinnige motor gery **nie** (1)	dubbelnegatief en 'n vraagsin → stelsin	(2)
6.2.6	Op die oomblik **sterf** baie mense in motorongelukke.	teenwoordige tyd met **sterf** in tweede plek in die sin	(1)
6.2.7	Die ander motoris **word** (deur die haastige bestuurder) **geskel** (1) Die ander motoris **word geskel** deur die haastige bestuurder (1) = verkeerd	lydende vorm: teenwoordige tyd: skel → word geskel	(1)
6.2.8	Baie ongelukke **is** (deur dronk bestuurders) **veroorsaak** (1) OF Baie ongelukke **is veroorsaak** (deur dronk bestuurders) (1)	lydende vorm: verlede tyd: het → is veroorsaak	(1)
6.2.9	Die ander motoris skree ontsteld dat die jaagduiwel **hulle** (1) net-net **gemis het** (1)	dir.→ ind. rede: vnw.**ons** →**hulle ;** Na voegwoord 3 word ww. aan die einde van die sin geskryf.	(2)
6.2.10	Jannie wil by sy pa weet hoe vinnig **hulle** (1) **mag ry** (1)	dir.→ ind. rede: na vgw. 3 word wwe. aan die einde van die sin geskryf.	(2)
6.3	Omdat die pa vinnig **ry,** (1) **is** die seuntjie bang (1)	vgw. groep 3 begin die sin: dus eerste ww. uit sin 1 aan die einde van die sin met eerste ww. uit sin 2 ná die komma	(2)
6.3.2	Die mense ry nie stadiger nie , (1) al **neem** die spoedkamera foto's (1)	vgw. 2 verbind sinne: dus eerste ww. uit sin 2 direk na vgw. en voltooi die sin	(2)

[18]

VRAAG 7

KOMMUNIKASIE

- Kyk of kandidate die **taalfunksie** uitgevoer het.
- Dui spel- en leestekenfoute aan, maar moenie penaliseer nie.
- Trek maksimum een punt af na die tweede taalfout per vraag.

7.1 Haai, baie dankie, maar ek rook glad nie. Ek wil nie eers probeer nie.
(Of soortgelyk binne konteks, maar moet **aanbod van die hand wys**) (2)

7.2 Ek is seker ek het dit in my tas gesit! Waar kan dit nou wees?
Ek wonder of my nuwe hondjie dit nie opgeëet het nie?
(Of soortgelyk binne konteks, maar moet 'n **verduideliking** wees) (2)

7.3 C / Pa, moet hom asseblief nie slaan nie. Hy's klein. (1)
[5]

TOTAAL AFDELING C: 35
GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou